

Skriflesing: 1 Samuel 13:1-7; weer vanaf 16- hfst. 14:23

Teks: **1 Samuel 14:6**

Sing- Ps. 66:7; Ps. 109:8; Ps. 86:2, Ps. 118:10,12

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- op hierdie Sondag 16 Des 2012 is ons op 'n besondere wyse aan 16 Des 1838 gebind. 16 Des 1838 het ook op 'n Sondag geval. Die feit dat die slag van Bloedrivier ook op 'n Sondag plaasgevind het, het die Voortrekkers diep geraak. Die vorige dag, Saterdag 15 Des 1838 het hulle die middag nog deur die Ncome-rivier getrek. Hierdie rivier wat sou word Bloedrivier.

Die Saterdag-middag was daar gerapporteer deur die manne van kommandant Hans de Lange, hy wat ook Hans Dons genoem was. Die rapport laat weet dat daar 'n ontsaglike groot mag van Zoeloes net 'n ent weg van hulle in die gebroke veld agter die rug van daardie koppe saamgetrek was. Dit is duidelik toe hierdié klompie Voortrekkers hoor hoe baie die Zoeloes was, het dit hulle geruk. Getalle ruk mense. Veral as jy min is en jy weet dié teen jou is ontsaglik méér!

Die Voortrekkers wat eintlik al vir dae in voorbereiding was vir hierdie oomblik van waarheid, nou is die waarheid daar. Ons is só min, hulle is só baie! Toe Andries Pretorius hoor wat De Lange hom laat weet, is sy besluit laat ons omdraai. Hulle was toe so 64 waens wat alreeds deur die rivier was. Elke wa deur so 12 osse getrek. Om nou die hele klomp te laat omdraai was moeilik maar was nodig. Dissipline sou nou 'n wagwoord wees. Hulle besluit om daar langs die river, stelling in te neem. Ja, die Here wat voorsien, Sondag 10 HK, alles kom uit God se Vaderhand. Hierdie Here is met hulle, die Here voorsien daardie terrein wat strategies so goed geleë was. Uitstekend was die stelling wat hulle ingeneem het, juis het die plek van die gevegsterrein baie kon bydrae tot die bepalende uitslag.

Hulle geloof wat hulle 'n gelofte laat aflê het, God se hand wat hulle die terrein laat betree het, God se regering het hulle na die terrein laat omdraai. Ons bely in Art 2 van die NGB God se regering in ons geskiedenis. Luister weer mooi hoe ons dit bely- Buiten dat ons God in die skepping kan leer ken, staan daar, ons ken Hom ook *deur die onderhouding en regering van die wêreld*. Die skepping, die geskiedenis vorm 'n eenheid, ja sê ons belydenis- dit alles is *voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20)*. God het sy krag, sy goddelikheid daardie Sondag van 16 Des 1838 laat sien, terwyl die gewone oog nie die ewige krag en goddelikheid kan sien

nie. Die spesifieke plek daar langs die rivier waar 'n groot Seekoeigat was, dit staan nie los van Art 2 NGB en Sondag 10 van die Kategismus nie! Daar word die laer ingerig.

Want toe die Voortrekkers eers omgedraai het, terug om hulle plek in te neem, 'n onderneming so deur 170 manne behartig, toe het Pretorius die Saterdag-middag saam met 300 man uitgery om te kyk of hulle kan sien dit wat Hans Dons se manne hulle gewaarsku het. Hulle het toe ook vir ou Grietjie, die kanon wat deur 'n perd getrek moes word saamgeneem. Hulle sien die eerste Zoeloes, die eerstes van duisende. Hierdie Zoeloes probeer hulle toe nog tot 'n geveg in die gebroke veld uitlok. Pretorius-hulle val nie daarvoor nie. Daar kom 'n tweede wagwoord by, saam met dissipline moet daar geduld wees. Hulle keer na die laer terug. Laat Saterdag, dit was al skemer, is almal in die laer bymekaargetrek. Alles en alles saam is dit maar so groot soos 'n moderne rugbyveld. 700 osse, 500 perde. Die getal wat dit eintlik omgaan is die mense. Die manne wat kon veg was maar 470. Die getal Zoeloes word aanvaar was nie minder nie as 15000 mense. 470 gaan meer as 31 keer in 15000 in. 31 keer meer Zoeloes as vegbare gelowige manne... of anders gestel elke vegtende Voortrekker het 31 Zoeloes teen hom gehad. 'n Menslike onmoontlikheid as ek man alleen my teen 31 moet verdedig.

Daardie Sondag is die woorde van Jonatan aan sy dienaar nog weereens bevestig. Jonatan wat vir sy dienaar sê *...by die HERE is daar geen verhinderig om deur baie of deur min te verlos nie*. Ons wat vandag hier saam is, saam om die Here in hierdie erediens te ontmoet, saam om vandag ook Geloftedag te vier, ons beseft die situasie waarin Jonatan en sy volk in verkeer, was uiters benard. In hoofstuk 13:5 lees ons **5** *En die Filistyne het bymekaargekom om teen Israel te veg: drie duisend strydwaens en ses duisend perderuiters en voetgangers soos die sand wat op die seestrand is in menigte; en hulle het opgetrek en laer opgeslaan by Migmas, oos van Bet-Awen*. Die Filistyne word in hulle duisende en duisende getel.

Israel, die volk van die Here, in hulle sien ons die kerk van daardie tyd, wanneer hulle hulself vergelyk met wat die getalle Filistyne teen hulle is, dan is dit asof die mens weer begin ly aan die sprinkaankompleks. In Numeri 13 het ons op 'n besondere manier met hierdie kompleks te make. Die verspieters wat uitgegaan het om die land Kanaän te verken. Die oorgrote meerderheid van hierdie manne se moed was met hulle terugkeer in hulle skoene. Hulle sien nie kans vir wat voorlê nie. Hulle erken hulle vrees, dit wat as sprinkaankompleks hulle

oorrompel. Hulle sê dan ook vir Josua in Numeri 13:33- **33** *Ons het daar ook die reuse gesien, die kinders van Enak, van die reuse afkomstig; en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë.* Wat sou gebeur as hierdie klompie Voortrekkers daardie Saterdag, voor Sondag se Bloedrivier na hulleself op die verkeerde manier sou kyk. Gestel hulle sou ook soos sprinkane in hulle eie oë gevoel het, ja as jy as sprinkaan jouself sien, dan sal jy aanvaar jy is waarlik ook die sprinkaan in die ander se oë.

Dit kan maklik gebeur dat hierdie komplekse siening van jouself eintlik vernietigend deurwerk. Gewoonlik kyk mense met hierdie kompleks heelyd vas teen wat sleg was. As die slegte van die verlede aanmekaar op jou inspoel dan is dit noodwendig dat die sprinkaankompleks al hoe slegter begin uitslaan. Dan raak die toekoms net so swart soos die verlede. 1838 was vir die Voortrekkers 'n swart jaar. Baie swart. Dink aan die verraad teen Retief, nie lank daarna nie, die nagte van Bloukrans en Moordspruit- 185 kinders en 100 volwassenes wreed vermoor. Klein kindertjies is teen die wawiele doodgeslaan. Jong vroue is op die tradisionele manier gemartel deur skerp stokke van agter af in hulle onderlywe te steek. Die jaar raak nie beter nie. Daarna kom die slag van Italeni, Hendrik Potgieter, Piet Uys het in hierdie slag uitgetrek. Uys ry sonder die wagwoorde... dissipline, geduld, Uys ry roekeloos 'n hinderlaag in. Dan word Potgieter verwyt as die Uys pa en seun wreed sou sterf. Dit word winter, daar breek 'n masels-epidemie uit. In hierdie koue is daar net nog meer swaarkry. Die velde raak al droër, vure brand al makliker, soveel so dat in van die vure het 'n vaatjie kruit ontplof, dit het 'n ander laer getref. Daarna nog weer 'n massa-aanval van die Zoeloes op Gatslaer.

Vir die Voortrekkers om toe al soos sprinkane te gevoel het, sprinkane in hulle eie oë, so ook vir die Zoeloes, was baie moontlik, maar hulle het nie. Hulle voel hulle aan God verbonde, hulle besef al meer hulle afhanklikheid van God, hoe die Here alleen kan help. Ons kan ons indink hoe die aandgodsdienste wat soos in klokslag gehou was net méér en méér die oortuiging laat insink dat die Here ons moet help. Uit hierdie oortuiging is die gelofte gebore.

Soortgelyk was seker die oortuiging van Jonatan dit sal nie help om heelyd te sien hoe ons almal wegkruip, teruggedryf, opgesluit in gate en bosse te wonder, wat gaan van ons word nie. Om dan weer te voel soos sprinkane, soos die verspieders van Josua teen die reuse in

die land. Hulle voel soos sprinkane, nou aanvaar hulle, ons vyand sien al klaar ons is maar sprinkane. Terwyl dit glad geen verband met mekaar het dat ander my noodwendig sal sien as die patetiese sprinakaan, net omdat ekself soos 'n sprinakaan voel...

Iets van hierdie kompleks het in die 1 Sam 13-14 gebeurde weer sterk kop uitgesteek. Net Jonatan en sy wapendraer wat anders hierna kon kyk. Saul se leërs was in 'n stadium ook sterk. 1 Sam 11:8 dan lees ons, toe kon hy nog 30 000 man saambring. In 1 Sam 13 is daar maar 3000 oor. 27 000 is net weg! Dit word kleiner en kleiner- later is daar maar 600 manne oor. 600 manne wat die hele Israel moet verdedig. Kan dit?! Ja, is dit nie maar iets van die sprinkaankompleks wat sy finale kop uitsteek as ons 1 Sam 13:6 lees nie- **6** *Toe die manne van Israel sien dat hulle in die nood is—want die volk was in die noute gedruk—het die volk weggekruip in die spelonke en in die doringbosse en in die rotse en in die grotte en in die kuile.*

Saul en sy manne is bewende. (1 Sam 13:7). Hulle word al banger, omstandighede word al slegter. 1 Sam 13 se laaste helfte wys hoe pateties hulle vermoëns geraak het. Die Filistyne in hulle duisende afdelings begin Israel van 'n kant af op te vou. Roofkommando na roofkommando trek uit. Vv 17-18 beskryf hoe die Filistyne eenvoudig van alle kante Israel kon binnekom. Hulle roof en stroop na hartelus. Ja, so staan dit dat Israel was totaal ontwapen. 1 Sam 13:19- **19** *En daar was geen smid te vinde in die hele land van Israel nie, want die Filistyne het gesê: Anders kan die Hebreërs swaarde of spiese maak.* Dit is net Saul en Jonatan wat darem nog wapens kon oorhou. Verder het hulle darem nog instrumente gehad waarmee die grond bewerk kan word. Kluitbrekers, byle, vurke, ploegskare maar dit kom op nog diepere vernedering neer. Toe hierdie implemente stomp word moet die Israelitiese man stert tussen die bene na die Filistyne gaan, maak tog my vurk of byl weer skerp. Watter vernedering! Al wat Saul nog probeer doen het, was om van die belangrikste bergpasse en grensposte te sluit. Heeltyd is hulle maar net besig om 'n vorm van instandhouding te laat plaasvind. Wat sal dit alles help? Hulle kan hulleself nie teen hierdie vyand verdedig nie. So is geglo en so begin mense dit al meer te glo as die sprinkaankompleks sy volle kop uitsteek.

1 Sam 14:2 beskryf hoe die leier van Israel nie meer is soos die sprinakaan van Spreuke 30 nie, daar besing Agur die volk wat sonder koning is maar darem nog goed is. Spreuke

30:27- **27** *die sprinkane het geen koning nie, en tog trek die hele swerm in goeie orde uit...*

Ons lees hoe pateties raak die koning van Israel- Saul- **2** *En Saul het gesit op die grens van Gíbea onder die granaatboom wat by Migron staan; en die manskappe by hom was omtrent ses honderd man.*

Jonatan daarenteen, die seun van Saul net hy en sy wapendraer doen wat in die geloof gedoen word. Dan tel mens nie koppe nie, dan glo jy dat God kan my help. Ja, jy glo God sal my help. Hierdie wapendraer van Jonatan was ook maar nog jonk. Die Hebreuse taal wys dat hy maar nog 'n jong seun was, maar so min soos getalle saak maak, so maak ouderdom ook nie saak nie. God werk deur baie of min, deur jonk of oud... Jonatan se woorde aan die seun langs hom was- *Kom, ons gaan oor na die wagpos van daardie onbesnedenes; miskien sal die HERE vir ons optree, want by die HERE is daar geen verhinderings om deur baie of deur min te verlos nie.* Ons hoef nie die onbesnedenes, die heidene te vrees nie. Hulle staan sonder God... *miskien sal God vir ons optree.* Met ander woorde, as dit God se wil is dan sal Hy vir ons optree.

By die Here is daar nie verhinderings nie. Broeder en suster, wanneer 'n mens dit sê, jy glo wat jy sê, dan staan ons gelyk aan wat in Ps. 147 ook staan- vv.10-11- **10** *Die Here het geen welbehae in die krag van die perd, geen welgevalle in die bene van die man nie.* **11** *Die HERE het 'n welgevalle in die wat Hom vrees, wat op sy goedertierenheid hoop.* Wie die Here vrees, Wie op Hom hoop laat hom deur niks keer nie. By die Here is daar geen verhinderings nie. Al lê daar 'n moeilike pad voor. In v.4 lees ons hoe die pad na die vyand geen maklike pad was nie. **4** *Nou was daar tussen die passe waar Jónatan wou deurgaen na die wagpos van die Filistyne, 'n spits rots oorkant en 'n spits rots duskant, en die naam van die een was Boses en die naam van die ander Sene.* Die woord Boses hou verband met dit wat glibberig is. Sene het weer die betekenis van dit is doringagtig. 'n Gladde pad, 'n pad vol dorings, tussen die spitse deur, een oorkant, een duskant, daar moet Jonatan en sy wapendraer deur, maar hulle gaan daardeur. Geen verhinderings nie...

Die Here het aan hulle sy teken gegee. Jonatan het vir so 'n teken gevra, dat as hulle vyand hulle tot stilstand roep, dan is die teken ons moet stop, maar as die vyand ons tot optrede uitdaag dat ons na hulle moet opklim, hulle sal dan met ons wil afreken, dan is die teken ons moet gaan. Dan sal daar geveg word. Dan oorwin ons in hierdie teken. Ja, die gelofte was

nie 'n teken wat ons voorouers van die Here gevra het nie, maar tog staan daar iets te vergelyk met wat die Gelofte was. Die gelofte het God se uitkoms gevra, die teken van Jonatan vra uitkoms, die gelofte het bindingskrag, die teken dra 'n binding, die Gelofte word geglo is God se trou aan sy beloftes, die teken van Jonatan bevestig God se trou aan Sy Woord. In alles het God daardie 470 man op 16 Des 1838 dieselfde uitkoms gegee as wat die dag met Jonatan en die jongman hier aan sy sy, die geval was. ... *by die HERE is daar geen verandering om deur baie of deur min te verlos nie.*

Ja, geliefdes, wanneer ons hierdie diens nou afsluit, dan beseft ons dit gaan nie eers oor die vraag baie of min nie, want by die Here is daar geen verandering om net deur EEN te verlos nie. Hierdie EEN waardeur God al sy kinders verlos het, is ons Here Jesus Christus. In Hom word daar oorwin. In Hom moet die oorwinning van 16 Des 1838 ook gesien word. Daardie Filistynse roof kommando's het voor twee mans, Jonatan en sy jonge wapendraer weggevlug. Die Een aan Wie die oorwinning behoort moet op hierdie dag deur sy Heilige Gees gedank word. Die God wat nie deur getalle oorwin nie, nie deur krag of geweld nie, maar deur sy Gees, lees ons in Sag.4:6.

Dit alles gebeur terwyl Saul aan die grens sit, onder die granaatboom. Watter skande en dit van die koning! Al 600 saam met hom, het skande gemaak, hulle kleingeloof, wat maar eintlik ongeloof is, laat hulle by die granaatboom vassteek. Die glibberige, die doringpaaie sien hulle nie voor kans nie. Hulle waag nie soos daar dikwels in die geloof gedoen moet word. Onder die granaatboom is nie waar die Here ons wil aantref nie, so asof die grens waarby hulle sit, nie net 'n fisiese grens is nie, maar 'n grens wat ook in die geloof getrek staan. Die grens wat van geloof ná ongeloof oorgesteek word. Saul-hulle het daardie grens oorgesteek, die wêreld van ongeloof binnegetree, wanneer jy moet beweeg en jy sit stil. Selfs die priesterorde dra die skouerkleed, maar hulle onkunde is hulle skande. Dan help die skouerkleed niks. Geliefdes, ons wat vandag vier, Gelofte dag 2012, laat ons in kunde ons kinders opskerp oor hierdie dag, laat ons met geduld en dissipline werk, laat ons na alles dit vir ons kinders leer... *by die HERE is daar geen verandering om deur baie of deur min te verlos nie.*

AMEN